Atlete help trap

diep spore

vir Bybelsaak

Douw Prinsloo is mal oor draf, maar selfs hy kan hy nie tot die uithoeke van die wêreld gaan nie. Sy ondersteuning van die Hardloop vir Bybels-projek verseker egter dat die Goeie Nuus wat hom so na aan die hart lê, wel wyd en syd verkondig kan word.

In 2009 het Douw, toe 40, besluit om sy lewe te verander. Hy was baie oorgewig, sieklik, ongelukkig met homself en die meeste mense het hom as onvriendelik beskou.

Danksy toewyding en harde werk in die gimnasium het Douw die kilo's begin afgooi. In Januarie 2011 het hy sy eerste wedloop, 'n 5 km, voltooi. Sedertdien het hy 53 kg verloor, amper 200 wedlope voltooi en meer as 6 400 km afgelê.

"My trotste oomblik was toe ek vanjaar se Comrades in 11:55:40 klaargemaak het en so my rug-aan-rug medalje verower het," vertel Douw wat in 2014 sy eerste Comrades voltooi het.

Dit is dan ook by vanjaar se Comrades Expo waar Douw by die Bybelgenootskap se stalletjie as 'n Hardloop vir Bybels-atleet geregistreer het.

"Ek het gesien hoe maklik dit was om aan te sluit en om op so 'n eenvoudige manier by te dra tot die verspreiding van die Woord," sê hy. Douw sê deur die Bybel ontdek hy elke dag God se liefde op 'n nuwe manier.

"Ek het die Bybel nodig om sy wil in my lewe te ken. In die Woord van God is daar vir ons belangrike



riglyne, padwysers, wat ons almal so broodnodig het om 'n vol en bevredigende lewe te kan lei. Dit is wonderlik om die Bybel in my eie taal te kan lees en sommer 'n hele paar vertalings met mekaar te kan vergelyk. Die Woord van God is my brood, my lewe."

Tydens wedlope bemoedig Douw graag ander atlete.

"Ek doen dit gereeld en dit is vir my simbolies van hoe God se hand ons soms in die lewe 'n hupstoot gee as dinge moeilik gaan. Tydens vanjaar se Comrades het ek net voor Polly Shorts langs die pad vir 'n paar minute onder 'n boom gaan sit en bid. Ek het die Here gevra om my te help om dié belangrike wedloop klaar te maak. Daarna het ek die trane afgevee en die laaste paar kilometers klaargemaak. Ek het geweet God is by my. Toe ek oor die eindstreep hardloop het ek dadelik my hande in die lug gesteek om aan Hom die eer te gee. Ja, ek het dit net-net gemaak, met vier minute en 20 sekondes oor, maar dit was ook 'n les – God belowe om altyd by ons te wees maar dit beteken nie dat die pad altyd maklik sal wees nie."

Douw moedig ander atlete aan om ook vir Bybels te hardloop. "Hierdie is één fondsinsamelingsprojek wat ek dink meeste atlete met gemak deel van kan word. Op dié manier kan elkeen van jou treë dieper geestelike spore in ander se lewens trap."

Dankie aan Douw en al die ander atlete wat die afgelope 25 jaar vir Bybels hardloop en so al meer as R9 miljoen vir Bybels ingesamel het.

WORD DEEL VAN DIE SPAN!

HARDLOOP VIR BYBELS 25 JAAR 2015

Vir meer inligting oor hoe om vir Bybels te hardloop, kontak:
021 910 8705
of besoek
www.bybelgenootskap.co.za

Laat jou elke km tydens wedlope tel - http://www.myownjourney.co.za/run4biblerands.htm